

# Vrou in die Skrif

Die vrou in die Skrifte.

Wat is die vrou se doel in Israel ?

Hulp, Baar van kinders, Versorging, Onderrigting, om 'n maat te wees, ens.

Waar is die vrou se plek in Israel ?

By haar man, by haar kinders, in haar huis, ens.

Wat is die vrou se rol in Israel ?

Onderdanigheid, Ondersteuning, Wysheid, Deugszaamheid, Versorging, ens

Al die stappe bo moet voldoen word deur die vroue van 'n Israel(Boer/12 *stamme*) man, waarvan die vrou ook die voorbeeld is as volk in geheel dat ons 'n 'vrou' van YHUH is. Vroulikheid word aan vele ander fasette ook deurgegee omrede dit ook aan die stappe voldoen. Breek jy daardie stappe dan breek jy orde. Morele standaarde is in daardie stappe wat YHUH behaag. Alles wat in stryd is met die stappe is teen YHUH en verdien die dood.

Kom ons vat 'n huwelik; satan weet dat hy so gou as moontlik by 'n huwelik moet intree en dat hy by die vrou moet begin. (*Eva wou soos YHUH wees en dit goed gepraat by Adam.Gen.3:5,6*)Hy werk met die vrou van vandag soos ouds om die man te verly en oor hom te heers.(*Die vrou sit op die man se kop Gen.3:16; 1 Kor.11:3*) Sy wil nie onderdanig aan hom wees nie en sien hom nie as haar bedekking en beskerming aan nie, maar streef eerder vir vroueregte.(*Titus.2:11 – 15*) Vroueregte is daar om die man oor die hoof te sien en om haarself voor te stel aan die wêreld, in plaas van om haar man uit te wys.(*Spr.31:23*) satan weet as hy by die vrou inbreek dan breek hy die huwelik wat YHUH suiwer wil hê.

satan weet dat YHUH Israel as Sy vrou aansien en hy weet dat hy daardie huwelik of verhouding moet aanval.(Gen.12:1-6. Hy het inderwaarheid nie 'n keuse gehad nie, want ons wat die stof is sal hy van lewe.Gen.3:14)Die vroue in Israel is sy mikpunt, want hy weet breek hy die vrou in dan breek hy die volk.

Terug na die Skrif. *Jeremia sê in 15:9: Sy wat sewe gebaar het. Uit die stof (H127 'ādâmâh ) van die aard (moeder Aarde) is Adam (H120 'ādām)*wat beteken dat daar sewe sintuie in die 'baring' of geskep verteenwoordig is deur YHUH.

*Spr.1:20 Die Wysheid roep hardop daarbuite, sy verhef haar stem op die pleine, Spr.8:1 Roep die Wysheid nie, en verhef die Verstandigheid nie haar stem nie? Spr. 9:1 Die Wysheid het haar huis gebou, haar sewe pilare uitgekup, Spr. 31:26 Pe. Haar mond maak sy oop met wysheid, en vriendelike onderrigting is op haar tong.* Hier klink dit asof "Wysheid" 'n vrou en 'n wese is, wat nie so is nie. Kom ons kyk wat staan in ander plekke van die Skrif.

*Ps.51:8 Kyk, U het 'n welgevalle aan waarheid in die binneste, en in die verborgene maak U aan my wysheid bekend. Ps.104:24 Hoe talryk is u werke, o YHUH! U het hulle almal met wysheid gemaak; die aarde is vol van u skepsele! Jes. 11:2 en op Hom sal die Gees van VADER rus, die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en sterkte, die Gees van kennis en van die vrees van VADER. Wysheid kom van VADER deur SY Seun YAHUSHA*

*Open.5:12 ...: Die Lam wat geslag is, is waardig om te ontvang die krag en rykdom en wysheid en sterkte en eer en ~~heerlikheid~~ lofwaardigheid en lof.*

*7:12 ...: Die lof en die ~~heerlikheid~~ lofwaardigheid en die wysheid en die danksegging en die eer en die krag en die sterkte aan onse ~~Ged~~ VADER tot in alle ewigheid! ~~Amen~~ Amein*

Lees julle soos ek dat die 'wysheid' aan VADER behoort en dat HY dit aan SY Seun gegee het ? Nog 'n bevestiging: *Ex.31:3 en Ek(YHUH) het hom vervul met die Gees van ~~Ged~~(VADER), met wysheid en verstand en kennis en bekwaamheid vir allerhande werk,*

Wat wel oor wysheid verstaan moet word is dat dit van twee poorte kom. *(Jak. 1:5 En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van ~~Ged~~ VADER bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyf, en dit sal aan hom gegee word. 3:15 Dit is nie die wysheid wat van bo kom nie, maar is aards, natuurlik, duiwels; 3:17 Maar die wysheid van bo is ten eerste rein, dan vredeliewend, vriendelik, geseglik, vol barmhartigheid en goeie vrugte, onpartydig en ongeveins).*

Die eerste kom van bo uit VADER se hand en die tweede kom van die aarde (satan)tussen die volkere.

Wysheid kom na die wat belangstel daarin. As ons na 'n geleerde luister is ons geneig om te sê dat hy 'n wyse man is, en tog kom sy sodanige wysheid van 'n ander. Hy het boeke op boeke versamel wat hy geles het wat ander uit duim suig of mense lering in 'n boek neergepen het. Sommige is waar en ander is weer snert, en dit bly mense lering. Baie sal sê: "Ja maar daardie man het 'n dokters graad in geleerdheid of dit is 'n dominee hy het 7 jaar gestudeer en het 'n paar grade agter sy naam! Asb. ek as ongeleerde het al met 'n hele paar van die sodanige geleerdes te doen gehad en dan kan hulle nie antwoorde gee op vrae wat ek hulle vra nie. Wat dus onthou moet word is dat die wat wysheid bekom het uit ander man boek kan nie die wysheid van die weerstaan wat ontvang het van VADER nie.

Elke huisgesin van Israel(Jakob se seuns)moet 'n wyse man besit. Indien daar huise is waar die man nie wys(heerskappy)is nie kom daardie huis tot 'n val. *1Pet. 3:1 Net so moet julle, vroue, aan jul eie mans onderdanig wees, sodat, as sommige aan die woord ongehoorsaam is, hulle ook deur die wandel van die vroue sonder woorde gewin kan word 3:5 Want so het vroeër ook die heilige vroue wat op ~~Ged~~ VADER gehoop het, hulleself versier, en hulle was aan hul eie mans onderdanig,*

Dus moet die man die vrou leer en onderwys hoe moet die vrou sy kinders wat die vrou gebaar het(wat hy van YHUH ontvang het)te onderwys.

*Spr.14:1 Die wysheid van die vroue bou die huis, maar die sotheid breek dit met eie hande af.*

Net in kort oor die syfer '7' in Jeremia 15:9:"Sewe"=Volledig/siklus/totaliteit  
 Ons as mens is geskape as volledig deur YHUH. Ons as mens het ook 'n siklus(kringloop)om te voltooi op aarde sodat YHUH ons daarvolgens kan oordeel(goed of sleg). Ons is ook bevoorreg om geoordeel te word oor die 7 "sintuie" waaruit ons bestaan en waarvan elk van hulle die liggaam beïnvloed ni: Die is in besit van oë wat sigbaarheid na vore bring, 'n mond wat meer as een sintuig na vore bring soos om te kan proe{eet}en spreek, 'n neus wat kan ruik, ore om mee te hoor, vel om mee te voel en voortplanting orgaan vermoë. Met al die sintuie gesamentlik in 'n liggaam kan lewe op aarde moontlik wees, en so gaan ieder en elk van hulle ook getuienisse wees tot oordeel van die siel wat woon in daardie liggaam. Dit eers daar gelaat.

'n Vrou in die algemeen verval makliker in hoerery as 'n man. Indien 'n vrou gehoereer het kom sy baie moeiliker daaruit as 'n man, want 'n man kan net daarvandaan wegstap, waarvan 'n vrou altyd daarna gepla gaan word.

'n Hoer beïnvloed maklik 'n man wat 'n valse gedagte wêreld vir hom skeep. Sy veroorsaak dat die man se siel opbreek en skei van YAHUSHA. Boos is die vrou vir die man met sulke gedagtes. Krag en sterkte besit vroue nie en daarom verlei baie van hulle die man om: Eerstens in sy gedagte wêreld in te kom, en tweedens gebruik hulle hul voorkoms om die gif in hom te plaas sodat hulle die man kan manipuleer.

Nou kan ek ook noem dat vroue moet wegbly van manne wat oormaats drank gebruik. So 'n man skeur homself weg van die prins amp(heerskappy)in YAHUSHA se Koninkryk.

'n Vrou moet rein en opreg wees sodat die man dit in haar kan vind. Die vrou moet na haar liggaam kyk en oppas sodat die man haar in respek kan hanteer. Sy mag haar gesig nie beplak met die kosmetiese snert om die man te beïndruk nie(ek sê nie dat sy iets op haar gesig of liggaam mag smeer nie), want dan skeep sy 'n afgodsbeeld(Delila)wat alle manne beïnvloed. 'n Vrou moet nooit probeer mooi lyk('n ander aansig deurgee)in die sin om 'n man te verlei of te verlok nie. 'n Vrou moet wegbly van alleman geselskappe, want dit veroorsaak jaloesie by haar eie man. Vroue moet altyd onderdanig wees as haar man teenwoordig is. Vroue moet versigtig wees met uitsprake veral wanneer sy in ander vroue se geselskap is. Vroue moet hul 'vroulike' doen en late(binne in haar huis)privaat hou en weg van haar kinders en andere rondom haar.

Ek sluit met die woorde: dit is nie maklik om 'n vrou onder satans mag (Luk.4:6)te wees nie maar 'n voorreg om sterk te kan staan in YAHUSHA.